Oordenking.
9 Desember 2009

Advent moet lei tot ‘n Ware Kersfees!

Die herders buite Betlehem het ‘n ware Kersfees ervaring gehad.
Ons lees in Lukas 2: 17 – 20: *Toe hulle Hom sien, het hulle vertel wat oor hierdie Kindjie aan hulle gesê is. Almal wat dit gehoor het, was verwonderd oor wat die skaapwagters hulle vertel het. Maria het alles wat gesê is, onthou en telkens weer by haarself daaroor nagedink. Die skaapwagters het toe teruggegaan terwyl hulle God loof en prys oor alles wat hulle gehoor en gesien het. Dit was alles net soos dit vir hulle gesê is.*

Hulle het vertel wat oor die Kindjie aan hulle gesê is. (Luk 2:17)
Die herders het ‘n sonderlinge geestelike ervaring van God af ontvang. En hulle het dit nie ligtelik opgeneem nie. Hulle het die belangrikheid van wat hulle gesien het, verstaan, want as Jode is hulle van kleins af van die belangrikheid van die komende Messias geleer.
Die herders het geweet dat dit wat hulle beleef het ‘n heerlike, goddelike geleentheid was.

Baie mense praat maklik, maar oppervlakkig oor Christus tydens Kersfees. As die feestyd aanbreek begin mense uit alle oorde regmaak om Kersfees te vier, kersliedere te sing, partytjie te hou en familie byeenkomste te beplan. In die wêreld van vermaak is daar kunstenaars wat die hele jaar nie die Naam van Christus noem nie, behalwe om te vloek, nou hard besig om kersliedere op TV en radio te sing. Maar as die vakansie verby is, dan tree hulle weer op asof niks besonders gebeur het nie.
Dit is nie gesindheid wat ons by die herders opmerk, nadat hulle die Kind gesien het nie. Hulle het almal bly vertel wat hulle oor Hom geleer het.

Wat maak die verskil? Die verskil tussen iemand wat net tydens Kersfees oor Jesus sing en iemand wie se hele lewe sy boodskap bly proklameer, is die feit dat die gelowige ‘n lewenservaring wat alles verander, met Jesus gehad het.
Sommige ervaar dit nooit! Ander praat nie daaroor nie.
Dit is ‘n feestelike ontmoeting met Jesus wat veroorsaak dat ons die hele jaar lank oor Hom bly praat.

Die herders het teruggegaan terwyl hulle God loof en prys oor alles wat hulle gehoor en gesien het. (Luk 2:20)
Nog ‘n eienskap van die herders is dat hulle God nou loof en prys. Na hulle ontmoeting met Jesus – ‘n ware Kersfees ervaring – en nadat hulle vertel het wat hulle oor Hom geleer het, gaan hulle terug na hulle kuddes toe en na hulle gewone lewe toe, maar hulle verheerlik en loof God nou terwyl hulle dit doen.

Ons weet nie watter probleme en omstandighede hulle voor die tyd moes hanteer nie. Maar nou het hulle rede gehad om dankbaar te wees. Hulle het nou rede gehad om te aanbid. Hulle kon die Here nou verheerlik en prys, want hulle lewens en harte is verander.

Dit gebeur as ons ‘n ware Kersfees ervaar. Nie ‘n kunsmatige, seisoenale vakansie opgewondenheid nie, maar ‘n ware Kersfees. As ons soos die herders werklik Kersfees vier, dan verdiep ons verhouding met die Koning wat gebore is en ons weet Hy is ons Redder en ons Here.

‘n Ware Kersfees verander ons in kinders van God wat aanbid, loof en prys!
‘n Ware Kersfees word ervaar wanneer die Woord in ons harte gebore word deur die Gees, en ons deur Hom die ewige lewe ontvang!
As jy soos die herders ‘n lewenservaring wat alles nuut maak van God af ontvang het, in Jesus, sou jy nie ook sy liedere wou sing, sy gebede wou bid en sy grootte majesteit wou dien nie?